## Dividend verhoog

# Skitterjaar vir Nasionale Pers

### Die Nasionale Boekhandel-groep

In die verslagjaar het by Tafelberg-Uitgewers, ons uitgewer van algemene boeke, 112 nuwe titels en 94 herdrukke verskyn, en weer eens het Tafelberg 'n rits toekennings ontvang. **Die Seeboek van die Sonderkossers** van Jan Rabie is bekroon met die Scheepers-prys (reeds die sestiende Tafelbergbekroning met hierdie gesogte prys). **Die Oorsprong van die Groot Trek** deur prof. C. F. J. Muller met die Stals-prys vir geskiedenis, en die S.A.U.K.-prys vir Afrikaanse hoorspele aan A. S. van Straten vir **Pendoring (Edms.) Bpk.** Ook is die Ingrid Jonker-prys vir 'n Afrikaanse debuut-digbundel aan J. C. Steyn vir **Gramatika van Liefhê** toegeken. Die W. A. Hofmeyr-prys is vir die eerste keer aan 'n jeugboek toegeken: **Die Singende Gras** van Freda Linde.

Aan die Totius-eeufees het Tafelberg ruim deelgeneem met 'n aantal geleentheidsboeke oor Totius en sy **Versamelde Werke**, wat aangepak is met die volle samewerking van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

Aan die uitgewersfirma Human en Rousseau, wat deur ons aangekoop is, wat 'n volle filiaal van Nasionale Boekhandel geword het en waarvan ons baie verwag, is die Hertzog-prys toegeken vir **Van Vergetelheid en Glans** deur Wilma Stockenström, terwyl die C.N.A.-prys aan **Magersfontein, o Magersfontein** deur Etienne Leroux gegaan het.

Die Nasionale Opvoedkundige Uitgewery (Nasou) het in die afgelope jaar 'n reusewerk afgehandel met die voltooiing van die twaalfde en laaste deel van die **Standard Encyclopaedia of Southern Africa.** Daar is negentien jaar aan hierdie groot onderneming gewerk